Was enige bandopname aan u oorhandig na 1 Junie? --- Nee, (20) nie ten opsigte van daardie vergadering nie.

Waar was die mikrofoon opgestel? -- Hy was binne-in die saal opgestel.

Hoe ver van die verhoog af?-- Hy was min of meer in die middel van die saal gewees.

In die middel van die saal? -- Ja.

Dra u enige kennis van hoe die apparaat wat op 1 Junie gebruik was werk? Dra u enige tegniese kennis? -- Ek dra kennis van die werking van die apparaat.

Wat se kennis dra u?-- Ten opsigte van die konnektasie (30) van die mikrofoon aan die ontvangapparaat.

... / Was

Was u net gewys hoe dit werk? -- Dit is reg.

Maar u self het geen tegniese opleiding gehad nie? -- Nee.

Wat is die naam van die masjien weer? -- Dit is 'n Sanyo.

As ek reg onthou is dit 'n Sanyo. Die bandopnemer self.

Hoe het u vasgestel dat dit wel werk? -- Deur hom aan te skakel en te hoor.

Dit is op die 30ste? -- Op die 30ste.

HOF : Het u in die saal gaan praat en kyk of dit opgeneem word? -- Nee, as jy hom aanskakel, deur jou oorfone, kan jy hoor of hy aan is en of hy nie aan is nie. Of hy deurkom (10) en of hy nie deurkom nie.

MNR. BIZOS : Toe die vergadering begin, moes iemand dit aanskakel? -- Dit is korrek.

Het u enige reëlings getref met enige persoon om dit mikrofoon op 'n spesifieke tydperk aan te sit? -- Nee, dit was adjudant Kock. Ek het vir hom gewys hoe werk die ding en daarna het hy dit self hanteer.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Ek kan miskien net een ding duidelik kry. Nadat u op die 30ste die mikrofoon ingestel het en gekoppel het of geneem het na die plek waar die bandopname-(20) masjien was, moet hy weer binne-in die saal aangeskakel word of as hy daarna by die masjien aangeskakel word, werk hy dan? -- Jy skakel net die masjien aan en dan werk die hele "set-up" weer.

U hoef nie weer terug te gaan in die saal in om die mikrofoon aan te skakel nie? -- Nee.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. JACOBS : Jacobus Marthinus Kock.

JACOBUS MARTHINUS KOCK, v.o.e.

MNR. JACOBS : U Edele, ek moes gesê het dat hierdie getuie (30)

... / is

is 'n getuie wat voorheen getuig het oor hierdie aspek.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n adjutant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vryburg en daar aan die veiligheidspolisie verbonde? -- -- Dit is korrek.

Was u teenwoordig op 30 Junie 1984 toe die vorige getuie mnr. Nieuwoudt die mikrofoon geïnstalleer het binne-in die saal daarso by Huhudi Gemeenskapsaal? -- Ek is bewus daarvan

HOF : Wel, die vraag is of u teenwoordig was? -- Ja, ek was in wese teenwoordig.

MNR. JACOBS : En dit was alles in voorbereiding vir 'n ver-(10)gadering wat die volgende dag daar sou plaasgevind het. Is dit reg? -- Dit is korrek.

En die mikrofoon daarvanaf sou dan verbind word met 'n bandopnamemasjien wat buitekant die saal deur u beman sou word?-- Dit is korrek.

Die vergadering wat daar gehou sou word, is dit geadverteer in daardie gebied? -- Dit was geadverteer.

Kan u vir ons meer besonderhede gee van hoe hy geadverteer is en wat se vergadering dit was? -- Dit was deur plakkate geadverteer 'n Huhudi Youth Organisation vergadering. Dit (20) was op 'n hele paar plekke aangebring gewees.

En hoe laat sou die vergadering plaasvind en op watter datum? -- Dit was geadverteer vir 1 Julie 1984 en dit sou om 14h00 plaasgevind het.

Op 1 Julie 1984 het u u plek gaan inneem om die opname te maak van die vergadering? -- Dit is korrek.

Waar het u posisie ingeneem? -- Dit is in 'n nabygeleë gebou wat na aan die saal geleë is.

Hoe ver van die saal af ongeveer? -- Dit was ongeveer so 50 meter. (30)

Hoe lank voor die tyd het u daar stelling ingeneem? --

... / Ons



Ons was ongeveer 'n uur voor die tyd daar gewees.

Het die vergadering toe in aanvang geneem daar? Het die mense opgedaag? -- Dit is korrek.

Die saal ingegaan? -- Dit is korrek.

Het u enige persone sien aankom wat u geken het? -- Daar was 'n hele aantal persone daar gewees wat met voertuie ook gearriveer het daar, bekendes sowel as onbekendes. Daar was persone wat nie aan my bekend was nie.

Weet u wie is die persoon wat die voorsitter op die vergadering was?-- Ek is nie seker nie. (10)

Op 'n stadium het u toe begin om die vergadering op te neem? -- Dit is korrek.

Hoe het u te werk gegaan? -- Ek het maar net 'n gewone bandopnamemasjien gekonnekteer en die ontvangsknoppie gedruk om die opname te begin.

U het die bandopname begin en die opname gedoen. Kon u dieselfde tyd ook hoor wat daar in die saal aangaan? -- Nie duidelik nie, maar ek kon hoor as hulle sing. Dit kon 'n mens hoor.

Het u oorfone gehad wat u miskien aangesit het om te (20) hoor wat daar gesê word? -- Dit is korrek.

Dan kon u hoor terwyl die opname gedoen word wat daar ook in die saal aangaan? -- Ja, maar soos ek gesê het basies net wat hulle gesing het en so aan. Ek kon nie stemme herken of iets nie.

Nee, ek praat nou nie van die herken van stemme nie, maar terwyl hulle praat, kon u dit hoor oor u oorfone? -- Dit is korrek.

Die dele wat u nou geluister het met die oorfone, wat (30) se taal was hoofsaaklik op hierdie vergadering gebruik? -- Dit

... / was

was hoofsaaklik Swarttaal gewees.

Toe u nou begin opneem het, het u aan die begin van die opname die aan knop gedruk om te "record", soos hulle sê? -- Ja, dit is korrek.

Het u reg deur opgeneem tot aan die einde van kant 1 van jou band? -- Dit is korrek.

Vandat jy hom aangeskakel het tot aan die einde van kant 1 het jy nooit jou masjien aan- en afgeskakel? -- Nee, op geen stadium nie.

Toe jy gekom het aan die einde van kant 1 van die (10) opname, wat het u toe gedoen? -- Ek het net die ontvangstoestel afgeskakel, die band vinnig omgedraai en hom onmiddellik weer aangeskakel.

K390 Was hy dan op kant 2 van dieselfde band? -- Dit is korrek.

En tot aan die einde van die band van kant 2 het u opgeneem? -- Dit is korrek.

Het u op enige stadium terwyl kant 2 opgeneem word die opnamemasjien aan- of afgeskakel? -- Op geen stadium nie.

Toe u aan die einde gekom het van kant 2 van band 1, wat het u toe gedoen? -- Toe het ek die masjien afgeskakel en (20) 'n nuwe band ingeplaas en hom onmiddellik weer begin opvang.

Ons noem dit band 2, toe u nou band 2 insit, het u hom opgeneem tot wat daar gebeur het aan die einde? -- Dit is korrek.

HOF : Op die een kant? -- Net op die een kant en daarna het ek hom gestop en weer die ander kant opgeneem.

MNR. JACOBS : Toe u nou band 2 kant 1 op geneem het, vandat u begin het tot aan die einde van hom, het u ooit die band-masjien gestop? -- Nee, op geen stadium nie.

Toe u aan die einde daarvan gekom het, het u dit weer (30) afgesit soos in die vorige gevalle, die band omgedraai en toe

... / weer

weer begin opneem op kant 2 van band 2? -- Dit is korrek.

Het u dit toe ook reg deur geneem tot aan die einde van die vergadering? -- Dit is korrek.

En wat op hierdie band 2 kant 2 is? -- Dit is korrek.

Het u op enige stadium hierdie band aan- en afgeskakel? -- Nee, op geen stadium nie.

Nadat u klaar was met die opname en die vergadering, wat het u toe gedoen? -- Ek het die bande aan sersant Masaile oorhandig.

Waar? Daar by die opnameplek of waar? -- Ja. (10)

Voordat u die bande uitgehaal het, het u enige merke aan hulle geplaas? -- Nadat ek die eerste band klaar opgeneem het, het ek op hom geskryf HUYO en die datum.

En die tweede een? -- Dieselfde en die datum.

U Edele, ek het hkoever hier met Huhudi Youth Organisation en die datum wat daarop staan 1984-07-01 "Inhoud twee kassetbande." Dit is geseël met 'n amptelike seël 1385. Binne-in is daar twee kassethouers nadat ek die seël gebreek het. Albei die houers is dieselfde tipe dit is Agfa Farro Color. Op die eerste een wat ek oopmaak is daar 'n 1 geskryf op die band self. (20) Daar is 'n etiket waarop geskryf is. Daar staan HUYO en dan 84-07-01. Dan op die anderkant, dit is met blou ink geskryf en dan op die agterkant van hom is daar in die hoek 'n 2 aangebring in blou ink met 'n strepie onder en op hom self is daar dan ook in swart pen geskryf T 470/4/1. Dan die tweede een daar staan dan ook so 'n etiket wat 'n wit strepie op is. Dit is in blou ink geskryf 3 HUYO en dan 84-07-01. Dan op die ander kant is daar 'n 4 en weer in blou ink en dan toe in swart pen is daar die volgende nommer geskryf T 470/4/2. Ek wil hê u moet kyk na hierdie twee bande. Herken u daardie twee (30) kassetbande? ---Ja, dit is dié wat ek die opname van gemaak

... / het

het op die eerste een.

HOF : Dit sal ingaan as BEWYSSTUKKE 12(1) EN 12(2). 12(1) sal wees die een waarop geskryf is T 470/4/1 en 12(2) sal wees die een waarop geskryf is T 470/4/2.

MNR. JACOBS : Die skrif wat daarop voorkom in die blou ink, is dit jou handskrif daardie? Identifiseer jy dit? -- Ja, dit is my handskrif.

Die bande daarso is dit die bande wat u toe later oorhandig het aan sersant Masaile? -- Dit is korrek.

Hoekom het u dit aan hom oorhandig? -- Ek het dit aan (10) hom oorhandig om 'n transkripsie te maak van wat gesê is op die bande.

Was hy teenwoordig toe hierdie opname gemaak was? -- Hy was teenwoordig.

U sê u het dit sommer daar waar dit klaar opgeneem was aan hom oorhandig en gesê hy moet 'n transkripsie maak? -- Dit is korrek, ja.

Is hy saam met u daarvanaf terug na die kantoor toe? -- Dit is korrek.

Die apparaat wat u gebruik het na die vergadering, het (20) u dit verwyder? -- Dit is korrek.

En die mikrofoon ook? -- Nee.

Het u die mikrofoon gelos? -- Die mikrofoon het gebly.

Toe die transkripsie gemaak was, waar was dit gedoen? -- Dit was in ons kantore gedoen.

Het u enige toesig gehou oor die maak van die transkripsies? -- Ja.

In hoe 'n mate het u toesig gehou? -- Sersant Masaile het in 'n aparte kantoor gesit, wat ek van tyd tot tyd besoek het en in die middag het ek die bande van hom ontvang en dit (30) in die kluis toegesluit. Die volgende dag het ek dit weer

... / aan

aan hom uitgehandig om met die transkripsie voort te gaan.

Is dit tot aan die einde gedoen? -- Tot aan die einde.

Nadat die transkripsie nou voltooi was, wat het u toe met die bande gedoen? -- Nadat die transkripsie voltooi was, het ek die bande geplaas in 'n koevert en verseël met amptelike seël 1148 en dit in my brandkluis bewaar.

Op enige stadium terwyl die transkripsie gedoen is, het u deur die transkripsie geluister daar en geweet die meeste was Bantoetaal gewees? -- By tye het ek geluister, maar ek kon basies nie verstaan nie. (10)

Kan u sê dit is 'n ware opname van die of 'n ware weergawe van die vergadering wat u opgeneem het daar op die opname? -- Ja, ek kan.

HOF : Het u op enige wyse met die bande gepeuter of daaraan verander? --- Op geen stadium nie.

Of iets toegevoeg of weggelaat? -- Nee, glad nie.

Kon enigiemand anders dit gedoen het? -- Nee.

MNR. JACOBS : Wat het u met die verseëlde koevert en die bande later gedoen? -- Ek het dit later versend aan kaptein De Beer in Durban. (20)

Op watter datum was dit? -- Ek is nie 100% seker nie, maar ek dink dit was in September gewees.

1984?-- Ja.

Per vliegtuig? -- Per vliegtuig.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Kock, as u gevra was of u die vergadering bygewoon het of nie, sal u sekerlik antwoord dat u nie die vergadering bygewoon het nie? -- Dit is korrek.

Was daar iemand anders behalwe u en die sersant Masaile teenwoordig by die apparaat wat die bandopname besig was (30) om te maak? Was dit net die twee van julle? -- Nee, daar was

... / ander

ander persone ook teenwoordig.

Wie was daar nog? -- Ander lede van die Mag was daar.

Wie het met die oorfone geluister? U of die sersant of die ander lede van die Mag? -- Sersant Masaile het die meeste geluister.

Maar partykeer het uself ook geluister? -- Dit is korrek.

Is dit moontlik met die apparaat wat u daar gehad het vir meer as een persoon om terselfdertyd te luister of nie? -- Nee, dit is net die persoon wat die oorfone aan het wat kan luister.

Maar in elk geval, u het ook 'n ander moeilikheid gehad(10) omdat party van die sprekers in 'n vreemde taal gepraat het? -- Dit is korrek.

So, u kan nie sê dat die bandopname 'n korrekte weergawe van die gebeurtenis by die vergadering was of nie? -- Hy kon niks anders opvang as wat daar by die vergadering gebeur het nie.

Nee, maar uself, behalwe dat u daar teenwoordig was toe die apparaat gewerk het, kan die saak geen verder neem nie. U kan net sê "Ek was daar en die apparaat het klaarblyklik gewerk? -- Dit is korrek. (20)

Die gaatjies wat op die voorkant van die band is, het u met daardie deel van die band iets gedoen?

HOF : Nee, dit is nie aan die agterkant nie, dit is aan die voorkant.

MNR. BIZOS : Aan die agterkant, ja.

HOF : Watter band toon u nou aan die getuie?

MNR. BIZOS : 12(2). Het u ooit iets daarmee gedoen? -- Nee, nooit op geen stadium nie.

Dieselfde geld vir 12(1)? -- Dit is korrek.

En as daar iets vandaan verwyder is, weet u nie wie (30) dit gedoen het en wanneer nie? -- Nee, ek sal nie weet nie.

... / HERONDERVRAGING

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

MNR. JACOBS : U Edele, die volgende getuie is William Pascales Masaile.

WILLIAM PASCALES MASAILE, v.o.e. (Deur tolk)

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Jy is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vryburg waar jy verbonde is aan die veiligheidspolisie? -- Dit is korrek.

Op 1 Julie 1984 was jy teenwoordig saam met die vorige (10) getuie, adjudant-offisier Kock toe hy 'n tegniese opname gemaak het van die Huhudi Youth Organisation se vergadering in die gemeenskapsaal te Huhudi Swartwoongebied Vryburg? -- Ja, dit is so.

Terwyl die opname gemaak word deur adjudant-offisier Kock is daar oorfone aan hierdie apparaat gekoppel waaroor jy kan luister wat opgeneem word en wat in die saal gebeur? -- Ja, dit is so.

Het jy enige pligte verrig daarso terwyl die opname gemaak is? -- Ja, ek het geluister. (20)

Met die oorfone? --- Ja, dit is so.

Die vergadering, in watter taal was hy hoofsaaklik gehou? -- Sotho.

Was daar ook ander taal gebruik? -- Ja, dit is so.

Watter taal? -- Engels.

Was die toesprake in Engels gewees of wat het gebeur? -- 'n Toespraak in Engels. Daar was toe 'n persoon gewees wat opgetree het as 'n tolk van Engels na Sotho.

HOF : Kan ons hier duidelikheid kry. Was daar sekere toesprake wat alleen in Sotho was? -- Ja. (30)

... / Dit

Dit is nie getolk nie? -- Nee.

Maar die toesprake wat in Engels was is almal getolk na Sotho? -- Ja.

MNR. JACOBS : Het adjutant Kock ook van tyd tot tyd op die oorfone geluister? --- Ja, dit is so.

Nadat die opnames gemaak was, was die kassette aan jou oorhandig? -- Ja.

Vir watter doel? -- Die doel waarvoor dit aan my gegee was, was dat ek dit moes gaan vertaal.

Transkribeer en vertaal? -- Ja. (10)

HOF : Bedoel u nou u moes dit gaan oortik? -- Ja.

Of moes u ook die Sotho vertaal in Afrikaans? -- Ja, ek het dit oorgesit na Afrikaans.

MNR. JACOBS : Waar het jy die transkribering en die vertaling gedoen? Waar het jy gewerk? -- In 'n kantoor wat ek alleen was.

Het jy gewerk onder toesig daar van enigiemand? -- Ja, die vorige Staatsgetuie het toesig gehou oor my.

As jy bedags nou klaar is, sover as wat jy gekom het aan die einde van die dag, wat het daarvan geword? -- Ek het dit oorhandig aan die vorige Staatsgetuie. (20)

HOF : Die bande? -- Ja.

MNR. JACOBS : Om wat te doen? -- Vir veiliging besorging dat niemand dit moet bekom nie.

Wanneer het jy dit dan weer gekry? -- Die volgende dag.

Jy het die transkribering gedoen toe en daarna het jy finaal die transkribering en die vertaling oorhandig aan adjutant-offisier Kock asook die bande? -- Ja, dit is so.

Die bande wat jy gebruik het, is dit hulle daar voor die Hof, BEWYSSTUKKE 12(1) EN (2)? -- Ja, dit is die bande.

Herken jy enige persoon se handskrif daar op? -- Ja, (30)  
adjutant Kock se handskrif verskyn op dit.

... / Was



Was dit aangebring daar in jou teenwoordigheid daar waar julle die opnames gedoen het? -- Ja, dit is so.

Jy het vir ons vertel jy het op die oorfone geluister, lateraan het jy die bande getranskribeer. Kan jy vir ons sê, die bande, BEWYSSTUKKE 12(1) EN (2), bevat dit 'n getroue weergawe van wat op daardie vergadering gebeur het soos jy geluister het? --Ja, presies.

En BEWYSSTUK V(12), die transkripsie hierso, het jy geleentheid gehad om daarna te kyk en te sê is dit 'n getroue weergawe en die vertaling wat u gemaak het van dit wat op (10) daardie vergadering gebeur het? -- Ja, dit is so.

HOF : Ek sien bo-aan is dit gedruk dat dit in Tswana geskied het die verrigtinge. Was dit in Tswana of in Noord-Sotho? -- Suid-Sotho was die taal wat gebruik was.

MNR. JACOBS : Terwyl jy die bande in jou besit gehad het, met jou werk wat jy gedoen het, het jy op enige manier of wyse gepeuter met die band se inhoud of daaraan doodgemaak of iets van die aard? -- Nee..

Het jy hulle ongeskonde net soos wat jy hulle ontvang het finaal aan adjudant Kock oorhandig? -- Ja, dit is so. (20)

En BEWYSSTUK V(12) bied dit 'n getroue weergawe van wat op die bande voorkom? -- Ja, dit is so.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : My Lord, may I at the outset indicate to Your Lordship that this transcript is the one that has considerable difficulties for us. It may be necessary for us to have discussions in due course with the State. I would ask Your Lordship and the learned assessors if you are looking at it, to look at it with caution and not with any air of finality in relation to the transcription in to any other problems. We hope that we will get some (30) agreement, if it is held admissible, some agreement to it.

... / What

What is the standard of your education? -- St. 8.

Have you had any training at all in either the transcription of tapes or in translation? -- No, I did not get any training on that. I was doing these things before. In fact I was not even aware that this was going to be brought before a court.

I want to put to you some of the difficulties that there are in your transcription so that you can deal with them. I want to put to you that what you wrote down in a vernacular language is neither Tswana nor Northern Sotho nor Southern (10) Sotho, the way you wrote it down? -- That is not so.

In what language do you say and in what spelling do you say did you transcribe the vernacular language that you heard on the tape? -- Southern Sotho.

Did some of the people not speak Tswana? -- The only person who spoke Tswana is the interpreter who was interpreting from an English speech into Tswana.

No one else? -- The only person who spoke Tswana there was the interpreter who was interpreting the speech delivered by someone in English and there was a second person of (20) course whom I thought was a chairman of was chairing that meeting who also spoke Tswana but that Tswana in itself was wanting.

What is your home language? -- Southern Sotho.

And is that the language that you used mainly for the purposes of being educated up to St. 8? -- No, I was doing Tswana.

So, your home language is Southern Sotho, but you were educated in Tswana? -- That is so.

You say that you found the person who was presiding at the meeting's Tswana wanting? -- That is so. (30)

What? In vocabulary, in pronunciation, in sentence

... / construction

construction or in all three? -- I would say his use of the language orally was poor.

COURT : His pronunciation? -- That is right.

MR BIZOS : But his vocabulary was alright? -- Yes.

And his ability to express his thoughts in Tswana was also alright?-- No, it was not alright.

He was unable to express himself properly in Tswana in your opinion? -- That is so.

Could you give us some idea as to how long it took you to transcribe what was on these tapes? -- Two weeks. (10)

Working more or less full days? -- There were times when I spent about two hours extra.

Two weeks with some overtime would be correct to put it? -- That is so.

Was it because you were having difficulty with the language that it took you two weeks with some overtime or because the recordings were not very clear or a combination of both those facts? -- There were portions of the tapes which were not clear enough for one to hear what the speaker was saying and I was therefore struggling to hear exactly what the speaker said. (20) In a way it was inaudible. Then again one would find that the Tswana spoken by the speaker was not correct or proper Tswana and therefore one had to correct that in order to understand what the speaker is conveying.

Tell me this, your knowledge of Tswana is bookish? Out of books, so to speak? -- No, I know my Tswana from the books and spoken language.

COURT : Is it spoken in Vryburg? -- Yes, in Vryburg.

MR BIZOS : And I am informed that Tswana is rich in dialects? That there are people from different districts that just (30) speak slightly different? -- That is quite true. In fact for

... / instance

instance Tswana spoken in Kuruman differs from the Tswana spoken in Vryburg. In fact that Tswana is called Khatla.

Is it correct that people in different age groups tend to speak a slightly different Tswana from others? -- A grown up person in Vryburg will speak the Tswana spoken by his or her child.

Do the schools not try and standardise it? -- That I would not know, because for instance I would not know what Tswana or what kind of Tswana is taught at a school in Kuruman.

Where were you at school? -- Kimberley. (10)

For how long have you been in the security police? -- Seven years.

Have you attended many meetings? -- I have never been in meetings.

Have you ever before this event - had you ever transcribed any tapes before? -- That is so.

How many before that? -- If my memory serves me well, it can be four or five.

And not for the purposes of being presented to the court, just for your own security police purposes? -- That is so. (20)

So, you were not really concerned in being absolutely accurate about it? -- This I did with great concern, because there were people who were not from Vryburg involved in the whole thing.

So, you give special attention to strangers? -- That is not correct. The way you put it as strangers, that was not the reason. What I am saying is, I paid more attention on this because there were outsiders involved in it. For instance people from bigger places like Johannesburg.

That is what I mean by strangers? -- Well, that is alright. (30)

The interpreter who was interpreting at this meeting,

... / did

did you find him wanting or did you find him well equipped for the task that he had undertaken? -- The interpreter who was interpreting there was interpreting good Tswana.

When these tapes were in your possession during this week or during these two weeks when you were transcribing them, were you doing it alone or did you ask your friends to come and help you with the more difficult and more inaudible passages? -- No, that is not so. Not at all.

You did it completely alone?-- That is so.

And these tapes, were they in your office for a period (10) of two weeks including the overtime period? -- As I have already said each time when I was going off duty, I was handing them over to Warrant Officer Kock.

Even the overtime period? -- Well, he was supposed to wait for me.

He waited for you every time? -- Yes, while I am busy with these things, he would wait.

Why could you not just put them in your drawer overnight? Why make the man wait if he was not making any contribution?

-- It is because of the importance attached to these tapes (20) that they were not supposed to be handled by any other person.

I thought that you told us in the beginning that you did not even think that these things would be used by the court?

COURT : He spoke about his transcription, not about the tapes.

MR BIZOS : Have you got an office to yourself? -- Yes.

You do not share an office? -- No,

Is there only one desk in your office? -- There is a second desk which is a spare one. In case I have someone to question, that I let that person use that desk.

And if you had to go and attend some little duty for (30) instance whilst you were busy transcribing, what would you do

... / with

with the tapes? -- Well, you cannot talk like that, because I did not have any other work to do during the period when I was doing the tapes. Therefore there was no reason for me to go out.

You were never called by a senior officer whilst you were struggling to make a sentence out there? On no single occasion did a senior officer come and say "Sergeant, do this or that for me"? -- The only person who came in there was Mr Kock.

You were never asked by any officer to go outside your office to perform any little task of whatever nature for a (10) period of two weeks? -- No.

And I suppose you will so far as to tell His Lordship that you never left these tapes on your desk unaccompanied by you or Mr Kock on any occasion?-- That is so.

Did you take them with you when you went to have tea possibly? Or to attend to some other personal matter? Did you take them with you? -- It was an agreement between me and Mr Kock, that whenever I leave, he must remain in there.

Oh, I see. In order to guard these important tapes? -- Yes, the trasncriptions. (20)

The transcriptions and the tapes and even when you went to the toilet, you could not do it without calling Mr Kock to come and keep guard over your transcriptions and tapes? -- That is so.

As far as this meeting is concerned, is this the only meeting at which you assisted to - in the recording process or were there others? -- There are others before this.

When was the other that you can remember? -- I cannot remember when it was.

The month or the year? -- It was during the year 1983.(30)

What month in 1983? --- I cannot remember what month it was.

... / Any

Any other meeting that you can remember? -- After this one in question now, yes. The IYY rally.

When was that? -- I cannot exactly remember when it was, whether it was 1985 or 1986. If my memory serves me well it was 1985.

Did you transcribe the meeting in 1983? -- Yes, I did, though not in full like this one.

When did you transcribe any other tape prior to July 1984 other than the 1983 meeting? When did you describe any others? -- I did one in 1983. There could have been two in the year (10) 1983 and then this one was in 1984.

I would like you to please have a look at these two tapes, EXHIBITS 12(1) AND (2). Will you please have a look on the thin side, not where the tape is, but the back. You will see two little holes there. Did you interfere with anything in those holes at any stage? -- No.

You did not take anything out of it? -- No.

Do you know whether they were in that condition when you got them from Mr Kock or whether anyone else removed anything from those holes? -- I did not see anybody taking anything (20) out of these holes.

You cannot say whether they were in that condition when you received them or not? -- No, I cannot.

You told us that you had no assistance whatsoever in transcribing these tapes. -- Yes, . that is so.

But tell me, this transcript that you have prepared is interspersed with names and comments as to who said what, who interrupted who? Where did you get that from? -- What happened is, the speaker would finish with the address to the audience and then the chairman would introduce the next speaker as (30) to who was going to take the floor. That is all I know.

... / your

Your knowledge is limited to that?

COURT : Did you then use that name by which that speaker was introduced and put that name in your transcript? --- Yes.

MR BIZOS : And if there were interruptions, where did you get the name of the interrupter?

COURT : Could you give the witness an example, please? Now we are talking in the air.

MR BIZOS : My Lord, I did see in one instance where - I will find it if Your Lordship wants it - the speaker started a particular song. That is what I had in mind. I will put the (10) question in this way. How did you know who started the song?

MNR. JACOBS : U Edele, ek sal vra dat mnr. Bizos vir ons gee waar dit gesê word.

COURT : Yes, Mr Bizos, I asked you to be more particular. Let us get that first.

MR BIZOS : I will try and find it. If Your Lordship has a look at the note on the opposite side of page 53.

COURT : Yes, but it would seem that this was possibly not transcribed by this witness. Why is it inserted?

MR BIZOS : I do not know. (20)

MNR. JACOBS : As h mens kyk na hierdie sin, voor is daar h dokument, dit was gegee aan h amptelike tolk om die goed weer te gaan "check" en te kyk of daar enige weglatings is of verbeterings aangebring kan word en foute wat gemaak kan word. Die amptelike tolk Abe Mahlangu sê dan hier waar hy foute gekry het. Hy gee daar h sertifikaat van foute wat hy gekry het en dan verwys hy spesifiek na bladsy 53 as een van dié waar foute is.

MR BIZOS : You yourself had no other than was on the tape any personal knowledge or indication as to who was speaking when (30) and who was saying what? -- Not at all.

... / The



The tremendous care that you exercised with this particular tape over two weeks together with Mr Kock, did you exercise the same care for every tape that was in your possession in relation to other meetings? -- That is so. We take particular care about this.

You did not give it special treatment? -- No.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende stuk is BEWYSSTUK V(14). Daarmee sal saamgaan dan BEWYSSTUK 14. Die eerste getuie is Roy Baker. (10)

ROY BAKER, d.s.s.

EXAMINATION BY MR JACOBS : You are a member of the South African Police and a member of the security branch? -- That is correct.

And where are you stationed? -- John Vorster Square, Johannesburg.

What is your rank? -- Warrant Officer.

On 17 July 1984 did you assist in putting apparatus for the tape recording of a meeting?-- That is correct.

Where? -- At the Selbourne Hall in Johannesburg.

When was the meeting to be held? -- The meeting was to(20) be held on the 18th.

In the same hall? --- In the same hall.

Was it advertised beforehand that a meeting was going to take place in that hall? -- I do not know.

What did you do in putting up the apparatus? -- I laid a cable, this was a two pair cable.

What do you mean by a two pair cable? --- It had two pairs of wire inside a cable.

COURT : So, it had four wires? -- Four wires. That was laid inside the hall. Onto the one pair of cables I connected (30)

... / a

a microphone and onto the other pair of cables also a microphone. This cable was then led from the hall to a listening post outside the hall.

MR JACOBS : So, you installed two microphones in that hall?

-- That is correct

And how do they work? -- Do they work separately or do they at the same time record? --- The microphones are separate but from the listening post either one can be switched in.

COURT : What is the purpose of the two microphones? -- One is more a standby in case one gives problems. (10)

So, were they situated near each other? -- Near each other.

MR JACOBS : Were they so situated that they could only take up what happened in the hall? -- It can only record anything that was said or any noise in the hall, unless the noise was very loud from outside the hall, it could also pick up that.

And these two microphones, must they be switched on by themselves, the microphones themselves or is it one as soon as you have installed them, then you can listen outside all the time? -- No, I would switch it on from the listening post. It could only be activated from the listening post. (20)

COURT : So, they are sensitive throughout where they are, except that they are switched on and off at the listening post? -- That is correct.

MR JACOBS : What kind of microphones do you use? -- They are a miniature microphone.

And where were your listening post situated? -- A short distance away from the hall.

COURT : How far away? -- I would estimate 20 metres.

MR JACOBS : Was the listening post inside or outside the building? -- It was inside the building. (30)

Inside the same building that the hall is in? -- That is

... / correct

correct.

What kind of recording machine did you use? -- The recording machine Uher reel-to-reel recorder.

After you installed the microphone and connected it to the Uher, did you test them? -- I did test on them.

Did it work? -- It worked and I was satisfied with it.

On the next day did you also go to the listening post before the meeting started?-- On the 18th I went back to the hall.

COURT : 18 July? -- 18 July 1984 and I connected up the (10) microphone to the Uher recorder, and started recording when the meeting started.

MR JACOBS : Who did the recording? -- I started the recording but Captain Sons was in charge of the recording.

When you started it, what was the reception like? Did you have any troubles? -- I had a few connection problems at the beginning of the meeting, but after about a minute or so it was corrected and the meeting came through.

How did you do it to correct it? -- It could have been a loose connection. I was changing wires and so on to get the (20) meeting through to the listening post.

Did you switch it on and off to get ... -- Yes, I switched it on and off and changed various wires into different equipment.

Did you change wires? --- I changed wires, yes.

Which wires did you change? -- I would bring in another microphone to see whether that one was working better than the first one.

And when it started recording, what did you do then? -- Then I was satisfied with it. I would have volted the volume, because we all had a pa system, public address system, so, if (30) they were using that, it would come through rather loud and

... / I

I would turn down the volume on the recorder. Different speakers spoke louder than the others and I would alter the volume.

Did you remain there till the end or what? -- No, periodically I visited the listening post.

Just to check if everything was alright? -- That is correct.

COURT : So, you did not man the listeningpost? -- I did not man the recorder.

You were merely the technical man? --- That is correct.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS : It would appear from your evidence Mr Baker that you have some expert knowledge of these (10) machines in these matters? -- I have attended certain courses in the equipment that we use.

And would it require someone of your expert knowledge in order to operate this equipment properly?-- Are you talking about the recorder?

Yes. -- No, the recorder does not need specialised knowledge.

Yes, but in order to get a faithful recording you would have to exercise the care that you yourself appeared to have exercised in relation to this? -- No, once the recorder - shall (20)  
I say the volume is set, you just push the buttons and it records.

Was there any particular reason as to why you, as the technical man, as His Lordship put it, were called to assist with this? -- The technical person is usually there to do the installation and make sure that everything is working. Once it is working, then he leaves.

So, it does require a person with some technical expertise such as yourself to set up the equipment? -- To set up the equipment. (30)

Did you have anything to do with these tapes after they

... / made

made? -- Not at all.

These reel-to-reel tapes, is there any safeguard on them in order to avoid re-recording by accident or by design? -- No, there is no way.

Are they different to the cassettes where such a mechanism does exist? -- Mechanism will affect both the reel tape or shall I say any tape, be it a cassette or reel-to-reel.

COURT : What counsel means is normally on a cassette there are two small holes at the back of it where one can do something to them in order to prevent tampering with the tape? -- That(10) is correct. I know about that, but on the reel-to-reel there is not any such precaution.

MR BIZOS : But this is - on the cassettes this is a mechanism which creates that sort of certainty? --- Yes.

RE -EXAMINATION BY MR JACOBS : No questions.

NO FURTHER QUESTIONS.

- - - - -

SETH FANIE SONS, v.o.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Veiligheidspolisie John Vorster Plein, Johannesburg?-- Dit is korrek. (20)

Waar u verbonde is aan die Veiligheidspolisie ? -- Dit is korrek.

Op 18 Julie 1984 moes u diens doen om 'n opname te maak van die gebeure op 'n vergadering van die Transvaal Indian Congress?-- Dit is korrek.

Waar was die vergadering? -- Die vergadering was gehou in die Selbourne-saal Johannesburg.

Was daar vir jou apparaat beskikbaar gestel geïnstalleer deur die vorige getuie? -- Dit is so.

Jy was daar in beheer van die opname en die opname (30)

... / beman

beman? -- Dit is so.

Watter soort masjien het jy gebruik? -- Ek het gebruik gemaak van 'n Uher.

Hy werk met rolle. Is dit reg? -- Ja.

Op hierdie vergadering nadat dit aangeskakel was deur die tegniese man, was die opname, toe dit begin opneem, geneem tot aan die einde van die eerste rol? -- Nee, net effens voor jy by die einde van die rol kom.

Effens voor die einde? -- Dit is so.

En dan, wat gebeur dan? -- Ek het toe die tolle verander(10) en 'n ander tol opgesit.

HOF : Waarom het u nie tot heeltemal by die einde gegaan nie? -- Dr. Jasat het daar genoem dat die volgende spreker ene mnr. Terror Lekota sou wees.

MNR. JACOBS : En as jy hom tot die einde vat, dan sou dit 'n breuk moes beteken in die middel of aan 'n deel van die toespraak? -- Dit is so.

Het jy toe die eerste tol afgehaal en verwissel met 'n tweede en? -- Dit is so.

Die tweede tol ingesit en toe weer van die begin tot die(20) einde geneem? -- Dit is so.

Hierdie rolle, ek is nou nie heeltemal seker van hulle nie. Neem hy net aan een kant of twee kante? -- Jy kan hom aan albei kante gebruik.

HOF : Het u hom aan albei kante gebruik? Het u hom omgedraai of het u 'n ander tol opgesit? -- Ek het dit net aan een kant gebruik.

MNR. JACOBS : Nadat jy opgeneem het wat daar gebeur het, wat het jy gedoen omtrent hierdie tolle? Het jy hulle gemerk, in houers geplaas? -- Ja, ek het die tolle gemerk. (30)

Hoe het jy hulle gemerk? -- Op die tol is daar 'n stuk

... / "masking

"masking tape." Op die "masking tape" het ek geskryf TIC.

Terwyl die opname gedoen word het jy geluister na wat in die saal gesê word? Het jy enige mikrofone, oorfone, kan jy direk luister wat daar gesê word? Hoe werk die masjien? -- Jy kon direk hoor deur die klank van die Uher, die luidspreker van die Uher.

HOF : Is dit so dat die apparaat wat opneem het self ook 'n luidsprekertjie waardeur jy kan hoor wat opgeneem word? -- Dit is so.

Jy hoef nie aparte oorfone op te sit nie? -- Dit is so. (10)

MNR. JACOBS : Oor hierdie mikrofoon, soos jy geluister het; het jy enigiets gehoor van klankverswakkings of klankverdwynings tydens die gesprekvoering of kon jy niks agterkom nie? -- Daar is op sekere rukke wat die klank 'n bietjie weggeraak het.

Kon jy enige van die sprekers wat daar op die vergadering voorgestel was en gepraat het identifiseer? Ken jy enige van hulle? -- Ja, ek ken dr. Jasat se stem.

Wat het hy gedoen op die vergadering? -- Hy het as voorsitter opgetree. (20)

Het jy sy stem dadelik herken? Altyd herken maklik? -- Dit is so.

Ene Cassim Saloojee? Ken u hom? -- Ja.

Kan u onthou of hy 'n spreker daar was? -- Hy was een van die sprekers.

Ken u sy stem? -- Dit is so.

Het jy sy stem herken terwyl hy daar gepraat het? -- Dit is korrek.

Mev. Esajee? -- Nee, ek het nie haar stem herken nie.

K391 Dan ene David Webster? -- Dit was die eerste geleentheid wat ek sy stem gehoor het. (30)

U het hom nie voorheen geken nie? -- Nee.

David Montsitsi? -- Dit was die eerste geleentheid wat ek sy stem gehoor het.

Het hy 'n toespraak daar gelewer? -- Ja, hy het 'n toespraak daar gelewer.

Fatima Meer? -- Ja, ek het haar stem herken.

Het sy 'n toespraak gelewer? -- Dit is so.

Dan is daar ene Andrew Mogatsi, alias Jingles. Ken u hom?  
-- Nee, ek ken hom nie.

Het hy opgetree daar? -- Hy het 'n gedig voorgedra. (10)

Ken jy dr. RAM Saloojee? -- Ek ken hom, maar ek sal nie sy stem kan herken nie.

Het hy daar 'n toespraak gelewer? -- Dit is so.

Roy Padayachee? -- Nee, dit was die eerste geleentheid wat ek sy stem gehoor het.

Toe hy 'n toespraak daar gelewer? -- Ja.

Terror Lekota? -- Ja.

Ken u sy stem? -- Ja.

Het hy daar 'n toespraak gelewer? -- Dit is korrek.

Popo Molefe? -- Ja. (20)

Het hy 'n toespraak daar gelewer en u het sy stem ook geïdentifiseer? -- Dit is korrek.

Ene mnr. M.J. Patel? -- Ek ken hom persoonlik, maar dit was die eerste maal wat ek sy stem gehoor het.

Het hy 'n toespraak gelewer? -- Dit is so.

U het twee, om dit so te noem, tolle geneem van hierdie of in hierdie hele opname van jou, nè? -- Ek het twee tolle geneem aan die een kant alleenlik. Opname was gemaak aan die een kant van die tol alleenlik.

Maar dit is twee tolle net wat jy gebruik het? -- Dit (30) is korrek.

... / Ek



Ek het 'n amptelike koevert waarop geskryf staan "TIC op 1984-07-18 te Selbournesaal, Johannesburg. Inhoud twee rolle 5" band." Dit is verseël met amptelike seël 1385. Ek maak dit oop. Binne-in is twee kartondose, plat kartondose waarop altwee op die buitekant presies dieselfde geskryf is. Dit is net Olympic low noise ultra dynamic range professional studio quality recording tape. Hier is nie ander merke op aangebring nie. Op die eerste een wat sal wees BEWYSSTUK 14(1) staan daarso "TIC 1." Bo dit staan in rooi ink "copy tape" en dan aan die ander kant van een van die speke van (10) hierdie "tape" is daar ook 'n plakkertjie aangebring met die nommer T410/1. Die tweede een staan daar op 'n wit etiket op een van die bene van die speek van die rol "TIC 2". Op 'n ander een van die bene is daar 'n etiket met T410/2. Kan u na die tolle kyk en vir die Hof sê is dit die tolle wat u geneem het? Is dit die oorspronklike tolle van die vergadering? -- Dit is so.

Daar staan op die eerste een wat ek gelees het "copy tape". Weet u iets daarvan af? -- Ek het hierdie band met hierdie "masking tape" daar op netso gekry . (20)

Is daar enigiets in jou skrif wat jy aangebring het daar op? -- Ja, onderkant die "copy tape" wat in rooi geskryf is, het ek "TIC 1" geskryf

En die ander een, die tweede een, die tweede "tape", is dit gemerk in jou handskrif? -- Dit is so.

Met wat? -- "TIC 2".

Nadat die vergadering klaar was, wat het u met daardie twee tolle gemaak? BEWYSSTUKKE 14(1) EN (2)? -- Ek het hierdie twee tolle in 'n amptelike koevert geplaas.

Daar op die toneel? -- Dit is daar waar ek die opname (30) gemaak het. Op hierdie amptelike koevert het ek geskryf

... / "Transvaal

"Transvaal Indian Congress vergadering" en die datum daar op. Ek het hierdie koevert na die verrigtinge van die vergadering na die kantoor geneem, waar ek dit in my staalkabinet gaan toesluit. Ek het toe ook die deur van my kantoor daarna gesluit.

En toe, wat het daarna daarvan geword? -- Die volgende dag het ek vir sersant Plessis uitgeroep na my kantoor toe. Ek het hom toe die tolle gegee en vir hom gevra om dit te transkribeer.

HOF : In die koevert?-- Dit is korrek. Sersant Plessis het in my kantoor in my teenwoordigheid die transkripsie (10) gemaak. Aan die einde van die dag se verrigtinge nadat hy dit getranskribeer het, het sersant Plessis dit toe weer teruggehandig aan my, waarop ek dit weer eens toegesluit het in die staalkabinet waarna ek dan daarna as ek my kantoor verlaat het, my kantoor gesluit het. Hierdie prosedure het ons gevolg totdat die transkripsie afgehandel was. Dit het ongeveer plus-minus nmaand geneem om die transkripsie te maak.

MNR. JACOBS : As daar nou gedurende die dag ander dinge opduik dat iets anders gedoen moet word, wat het van die bande geword? -- Dan gee sersant Plessis die bande aan my terug. (20) Ek neem dan onmiddellik die bande en sluit dit in die staalkas toe.

Net dat ek dit goed verstaan. Terwyl hierdie transkripsie aan die gang was, was jy altyd teenwoordig gewees; as daar n tyd sou kom dat jy of mnr. Plessis moes uitgaan, dan het jy hulle toegesluit in die staalkas? -- Dit is so.

Vir watter rede daar n onderbreking kom, is dit toegesluit? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Ek sê vir watter rede daar n onderbreking kom vir enige rede ook al, sê nou maar een wil na die toilet toe gaan, (30) dan is die bande eers toegesluit tot daardie persoon terug is

... / en

en dan gaan dit aan? -- Nee. Gestel byvoorbeeld hy gaan na die toilet toe, dan sal die bande daar op die tafel bly in my teenwoordigheid.

En as u uitgaan uit die kantoor uit? -- Dan sluit ek my deur agter my.

Dan bly hy alleen agter? -- Dan is hy in die kantoor.

So, hy kon aangegaan het dan wanneer jy weg gewees het? Hy kon aangaan met die transkripsie as u moes uitgaan na 'n ander plek? -- Dit is so.

Terwyl hierdie transkripsie gedoen is waar u teenvoor- (10)  
dig was, kan u net vir die Hof sê, het jy groot gedeeltes van hierdie vergadering gehoor deurdat hulle teruggespeel word vir die transkripsie? -- Ja.

Het u op enige stadium die hele band self deurgespeel om te luister daarna voor daar begin is met die transkripsie? -- Ja. Nadat die transkripsie klaar gemaak was, het ek toe die geskrewe gedeelte vergelyk met die klankopname en ek het toe verbeterings aangebring waar dit nodig was.

Met ander woorde jy het dan die hele vergadering se opname deurgespeel? -- Dit is so. (20)

Was jy tevrede dat daardie opname soos u dit daar op die twee rolle gehad het 'n getroue weergawe was van wat op die vergadering gebeur het? -- Ja, behalwe vir die liedjies. Dit het ons nie getranskribeer nie.

Maar op daardie stadium dan terwyl u dit deur speel het u die liedjies gehoor en kon jy sê is dit 'n getroue weergawe van die gebeure op die vergadering wat op die "tape" staan? -- Dit is so.

En daardie "tape" is die twee wat nou voor die Hof is BEWYSSTUKKE B(14)(i) EN (ii)? -- Dit is so. Ek wil net graag (30)  
hier byvoeg, dat tussen tol nr. 1 en tol nr. 2 het ons 'n

... / gedeelte

gedeelte van dr. Jasat se toespraak daar verloor.

Is dit die tyd wat jy geneem het om die band af te sit en om te draai? -- Dit is nie om om te draai nie. Dit is om 'n ander tol aan te sit.

So, dit is 'n natuurlike onderbreking. Terwyl hierdie goed in jou besit gewees het, hierdie bande, is daar ooit deur jou of iemand anders gepeuter met hulle of uitgevee of iets gedoen aan daardie bande? -- Onderwyl die tolle in my besit was, het niemand daarmee gepeuter nie.

Het jy self niks daarop uitgevee of iets gedoen nie? (10)  
-- Nee, ek het nie.

Toe die opname gemaak was, was sersant Plessis ook teenwoordig gewees? -- Dit is korrek.

Hoeveel was julle daar teenwoordig by die punt waar die opname gemaak was? -- Dit was A/O Baker, sersant Plessis en ekself.

Het Baker die hele tyd daar gebly of is hy na 'n ruk weg nadat hy gekyk het of alles reg gaan? -- Nee, hy het nie daar die heeltyd gebly nie.

Maar u en sersant Plessis het daar gebly? -- Dit is korrek. (20)

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Kaptein, waarom was dit nodig dat u u kollega in die kantoor moet toesluit as u buite die kantoor gegaan het? -- Daar is gewoonlik by ons kantoor die in en uitbeweeg van die kantoor wat 'n mens steur waar jy werk. Daarom het ek die kantoor liewer gesluit.

Maar is dit nodig om die sersant in die kantoor toe te sluit? -- Ek het dit nodig geag.

Waarom? -- Vir die blote feit dat ek nie wou gehad het dat enigeen hom moet steur nie. (30)

Wel, het u hom nie vertrou dat hy met sy werk sal aangaan

... / nie

nie? -- Nee, sersant Plessis is h getroue dienaar.

U het hom vertrou dat as iemand daar gekom het en hom wou steur, hy sou gesê het "Ekskuus tog, ek is besig"? -- Ek het dit goed gevind om die deur agter my te sluit, want ek weet hoe die bedrywig raak daar by ons kantoor van tyd tot tyd.

Het mnr. Plessis geen beswaar gehad om in die kantoor toegesluit te word nie? -- Nee hy kan nie beswaar hê nie.

ASSESSOR (MNR. JOUBERT) : Het u die kantoor van binne gesluit terwyl u self besig was binne-in die kantoor? -- Nee,

Was daar nie onderbrekeings nie? -- Daar was, maar (10)  
in daardie gevalle het ek self opgestaan en na die deur beweeg en buite met die persoon gepraat, wie ook al daar gekom het.

MNR. BIZOS : U sien, ek wil dit aan u stel dat u getuienis so onwaarskynlik is dat ek dit aan u moet stel dat dit gesê is vir een of ander rede maar dit kon nie gebeur het nie, dat die persoon binne-in die kantoor toegesluit is deur sy offisier? -- In hierdie geval het dit wel gebeur.

Hoeveel keer het u hom binne-in die kantoor toegesluit?  
-- Dit was min male.

Hoeveel maal? -- Ek kan nie presies sê nie. (20)

Is dit die enigste geleentheid waarop u h kollega toegesluit het, toe mnr. Plessis besig was met die transkripsie? Was dit die enigste geleentheid? -- Ja, dit is korrek.

Die enigste geleentheid? -- Dit is korrek.

Het dit nooit voorheen of daarna gebeur nie? -- Ja, dit het al voorheen ook gebeur.

By watter geleentheid het dit gebeur? -- Waar ons ook besig was met transkripsies.

Sersant Plessis vind transkripsiewerk seer sekerlik oninteressante werk as hy toegesluit moet word binne-in die (30)  
kantoor? -- Dit is nie die mees aangenaamste werk nie.

... / U

U het gesê dat u ken vir mnr.M.G. Patel persoonlik? -- Ja.

Dit is dieselfde persoon wat deur sy vriende as "M.G." bekend is? -- Dit is so.

Vir hoe lank ken u hom persoonlik? -- Ek het hom op een geleentheid ontmoet.

Voor die vergadering? -- Nee, dit is na die vergadering.

En toe u hom ontmoet het, vir hoe lank was u in sy geselskap? -- Ek dink die beste part van omtrent twintig minute.

U het met hom vir twintig minute gepraat? -- Nee. Hy (10) het net by gestaan terwyl ons besig was met ander take.

En het hy met u gepraat? -- Nie met my persoonlik nie.

Maar het hy in u teenwoordigheid gepraat? -- Ja.

En seer sekerlik 'n aantal dinge in u teenwoordigheid gesê? -- Kan u dit net herhaal?

Hy het seer sekerlik oor allerhande dinge gepraat in u teenwoordigheid gedurende daardie twintig minute? -- Nee, dit is nie so nie.

Wat het hy gesê? -- Ons het 'n deursoeking gedoen en mnr. Patel wou toe daar tussenin tree deur met die persoon van die (20) huis te gesels. Ons het hom toe gevra om ons te verskoon en in die ander vertrek te sit.

Het hy as 'n senior prokureur in Johannesburg beswaar gemaak? -- Nee.

Het hy enige vrae aan u gestel? -- Nee.

Wat het hy gesê? -- Hy het niks gesê nie.

HOF : Waar gaan die kruisondervraging na toe?

MR BIZOS : On the question of voice ... (Court intervenes)

COURT : He did not identify the voice of Mr M.G. Patel.

MR BIZOS : I know, but that is really the whole point. (30)

COURT : He said he has not met him before, he met him afterward

... / MR BIZOS

MR BIZOS : That is one of the ... I am not unmindful of that, but despite that, I am testing the witness's ability to identify voices.

COURT : But he did not say he identified a voice.

MR BIZOS : But the question is, if he cannot identify the one, how can he identify the other?

COURT : Well, he has not tried to identify it in court.

MR BIZOS : Could I round it off.

COURT : Yes.

MNR. BIZOS : Hoewel u gesê het dat u vir mnr. Patel per- (10) soonlik ken en u sekerlik sy stem gehoor het by die ondersoek wat u ingestel het na die vergadering, is u in staat om die stem van mnr. M.G. Patel te vergelyk met die stem wat op die tol voorkom en sê dat dit dieselfde stem is? -- Ek kan dit nie met alle sekerheid sê nie.

Het u ooit persoon met dr. Jasat gepraat? -- Dit is so.

Voor hierdie vergadering? -- Ja.

Waar? --- Op ons kantoor.

Wanneer? -- Ek kan nie onthou nie. Dit was voor daardie tyd. (20)

En vir hoe lank het u met hom gepraat by u kantoor? -- Hy was besig met een van my mannekrag daarso. Hy was ondervra deur een van die manne daar en ek was teenwoordig vir omtrent plus-minus vyftien, twintig minute.

Het u ooit self vir dr. Jasat ondervra?-- Ek kan onthou dat ek met dr. Jasat daar gepraat het. Ek het hom byvoorbeeld gegroet daarso.

Behalwe dat u hom gegroet het, het u hom ooit ondervra? -- Nee.

Het u ooit mnr. Saloojee voor hierdie vergadering (30) ontmoet? -- Ja.

... / Waar

Waar? -- Op kantoor.

Wanneer? -- Dit was voor die vergadering. Ek kan nie presies onthou hoe lank voor dit nie.

Hoe lank voor? -- Nee, ek kan nie 'n kans waag nie.

Kan u onthou op watter geleentheid u vir dr. Saloojee ontmoet het? -- Hy was ook ondervra daar.

Mnr. Saloojee, ek is jammer.

Deur u? -- Nee, deur een van my mannekragte.

U self het hom nooit ondervra nie? -- Nee.

Prof. Fatima Meer? Het u ooit voor die vergadering (10) vir haar ontmoet? -- Dit is so.

Waar? -- Dit was in Johannesburg.

U het haar ontmoet? -- Ja.

Waar? -- In Johannesburg.

Waar in Johannesburg? -- Sy moes geneem word na 'n oogkundige Sy en mev. Mandela moes geneem word na 'n oogkundige en ek het hierdie takie behartig.

Wanneer was dit? -- Dit was voor die vergadering.

Hoe lank voor die vergadering? -- Ek kan nie sê presies hoe lank voor die vergadering nie. (20)

Was dit 'n jaar of jare voor dit? -- Ek wil nie 'n kans waag nie.

Was sy en mev. Mandela in hegtenis of op vrye voet? -- Hulle was in aanhouding.

Waar was u gestasioneer gedurende 1976 tot 1977? -- Ek was op veiligheidstak.

In Johannesburg? -- Dit is korrek.

John Vorster Plein? -- Dit is korrek.

Was dit gedurende daardie tydperk dat u die twee dames ontmoet het? -- Nee, ek glo nie dit was in daardie tydperk (30) nie. Ek weet nie watter datum dit was nie. Ek wil nie 'n kans

... / waag



waag nie.

U sien, ek wil u vra of u enige kennis dra dat mev. Mandela en prof. Fatima Meer na 1977 ooit aangehou was of nie? -- Nee, ek sal dit nie kan beantwoord nie. Ek glo nie.

U glo nie? -- Alhoewel ek kan sê dat mev. Mandela moontlik aangehou kon gewees het. Ek kan nie sê nie.

Is dit moontlik dat die laaste keer wat u prof. Meer gesien het gedurende die noodtoestand was wat in 1977 afgekondig was, 1976 en 1977? -- Nee, ek wil nie datums waag nie.

As u dit so was, sal u saamstem dit sou baie eienaardig(10) gewees het om 'n dame se stem na agt of nege jaar - sewe of agt jaar na die gebeurtenis te onthou? -- Sy het een van daardie stemme wat uitstaan.

Sal u saamstem dat u geleentheid om met prof. Meer te praat gedurende 1976 of 1977, wanneer dit ook al was, 'n kort geleentheid was om met haar te praat? -- Ek sal sê alles inklusief was dit omtrent 'n halfuur.

U het haar net vervoer vanaf die polisiestrasie na die oogkundige? -- Ek wil net hier noem dat gedurende daardie tydperk wat ons haar vervoer het, het daar 'n gesprek ontstaan(20) waar mev. Mandela ons byvoorbeeld gevra het wanneer - die gesprek het eintlik so gegaan wanneer gaan ons byvoorbeeld bedank, so iets van die aard.

Ja, dit is wat mev. Mandela gesê het. -- En toe het mev. Fatima Meer tussenin getree en die hele ding het toe in 'n grap ontaard.

Het u vir mnr. André Mogotsi voorheen geken? Alias Jingles? -- Negatief, ek ken die man nie.

HOF : Sal u hom ooit vergeet nadat u dit gehoor het? --

Nee, ek sal nie.

(30)

MNR. BIZOS : Maar in elk geval u het hom vir die heel eerste

... / keer

keer gehoor op hierdie band wat voor die Hof is? -- Ja, dit is so en hy het 'n geweldige indruk op my gemaak.

HOF : Het u hom gehoor die eerste keer op die band of die eerste keer op die vergadering? -- Op die band. Terwyl die opname gemaak was, het ek sy stem vir die eerste keer gehoor.

MNR. BIZOS : Wat u hoor met die meganisme is wat opgeneem is? -- Dit is 'n direkte opname.

HOF : Kan ek net dit vra. As u byvoorbeeld die band af het, gaan die klank aan van die vergadering of stop dit ook? -- As 'n persoon - jy kan al die knoppies af druk byvoorbeeld (10) maar die geluid sal nog steeds deurkom. Die klank kom nog steeds deur.

So, terwyl u besig is om die spoel om te ruil, gaan die klank voort? -- Dit is korrek.

So, u luister na die hele vergadering, al word die hele vergadering nie noodwendig opgeneem nie? Alles wat op die vergadering gebeur kom by u uit, of die spoel draai of nie? -- Dit is korrek.

MNR. BIZOS : Is daar ooit met mnr. Popo Molefe of mnr. Terror Lekota persoonlik gepraat voor daardie vergadering? -- Nega-(20) tief.

U het hulle nooit voorheen gehoor nie? Nie voor daardie vergadering nie? -- Ja.

Wanneer? -- Ek is nie bereid om dit te antwoord nie.

U is nie bereid om dit te antwoord nie? -- Dit is korrek.

Persoonlik, ons praat nie van enige geheime apparaat nie, maar persoonlik by enige vergadering waar u teenwoordig was, het u ooit mnr. Molefe en mnr. Lekota gehoor? -- Ek was nooit toegelaat by enige vergadering nie.

Is die antwoord nee? U het nie òf mnr. Lekota òf mnr. (30) Molefe by enige vergadering gehoor praat nie voor hierdie

... / vergadering

vergadering? -- Nee, nie persoonlik nie.

Stem u saam dat die stem van 'n persoon op 'n sekere manier verander as dit deur 'n radiosender of enige ander tegniese manier oorgedra is? -- Ek sal dit nie betwis nie.

My Lord, I would like to have a look at these exhibits. I have not had an opportunity of looking at them.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K392

SETH JAPIE SONS, nog onder eed

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS (vervolg) : Kaptein, (10)  
sal u asseblief na BEWYSSTUK 14(1) kyk. Daar is 'n inskrywing in rooi geskryf. Wie se handskrif is dit? -- Ek weet nie.

Dit lees "copy tape"? -- Dit is korrek.

Wanneer het u vir die eerste keer daardie inskrywing daar op gesien? -- Die aand van die vergadering.

Sê u dat dit daar was voor u dit gebruik het? -- Dit is korrek.

Was dit nie 'n nuwe tol nie? -- Nee.

Wanneer het u die tol gekry? -- Ek het die tol dieselfde dag gekry. (20)

Hoe laat dieselfde dag? -- Dit kan miskien wees na ete.

Het u iets met die tol gedoen? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Het u enigiets met die tol gedoen voor u dit gebruik het?

HOF : Hoe bedoel u gedoen? In sy sak gesit?

MNR. BIZOS : Het u enigiets met die tol gedoen? Dit nagegaan of iets? -- Ek het die tol eers oopgemaak toe ek dit gebruik het.

U het nie vasgestel of dit skoon is en of daar nie enigiets op die tol was toe u dit gebruik het nie? -- Nee, ek (30)  
het aangeneem dat dit 'n skoon tol is.

... / Beteken

Beteken die Engelse woord "copy" enigiets vir u in daardie opsig? -- Nee, ek weet nie waarvoor dit daar aangebring is nie.

Was dit die eerste keer wat u die tol gesien het met daardie woorde daar op? -- Dit is korrek.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL) : Die Uher apparaat wat u gebruik het om die opname mee te maak, is daar enige sigbare aanduidings op die apparaat self dat die opname gemaak word terwyl die tol besig is om op te neem? -- Meen u nou miskien dat daar 'n rooi liggie aankom of iets van die aard? (10)

Iets van die aard, ja? -- Nee.

Hoe weet u dat die tol opneem? Of dat die masjien opneem? -- U sal eerste 100% kan vasstel of u 'n opname gemaak het nadat jy dit teruggespeel het.

Wanneer het u dit vir die eerste maal teruggespeel? -- Sersant Plessis het dit die Maandag begin speel. Nee, nie die Maandag nie, dit is die dag na dit, die Donderdag.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende een sal wees die een wat gemerk is BEWYSSTUK V(24). Ek moet net hier 'n korreksie aanheg, (20) ek het nagegaan weer op die nommers of hulle reg is, toe sien ek die 30 wat ek gesê het die bewysstuk sal wees, is daar intussen 'n ander ding 30 gegee. Hierdie sal dan 31 wees. Die eerste getuie wat ek roep is adjudant-offisier - ek het ongelukkig net sy voorletters - M.B. Dewar.

... / MICHAEL

MICHAEL BRIAN DEWAR: d.s.s.

EXAMINATION BY MR JACOBS: Mr Dewar what is your rank? -- I am a warrant officer.

And you are attached to the security branch, C.R. Swart, Durban? -- That is correct.

On Friday 22 July 1983 you supplied Warrant Officer Beneke with certain equipment? -- That is correct.

What did you supply him with? -- I supplied him with a tape recorder and the necessary cassettes that he required for a meeting to be taken on Sunday the 24th. (10)

What kind of tape recorder did you supply him with? -- It was a National Panasonic.

And then what did you do then? -- During the evening of the 23rd/24th I installed a microphone in the hall at St. Anthony's Church.

Where is that? -- It is in Centenary Road in Durban.

Is that where the meeting was to be held? -- That was where a memorial meeting was to be held on Sunday the 24th.

Do you know which memorial ...

COURT: Just a moment, is it St Michael's Church? -- St. (20) Anthony's.

St.? -- St. Anthony's.

MR JACOBS: Can you remember which memorial service it was? -- It was the Luthuli memorial.

Did you install a microphone? -- That is correct, I did.

Where did you install it? -- Sorry?

Where did you install it? -- It was installed inside the hall near the stage.

Did you install only one microphone? -- It was only the one microphone that was installed. (30)

Yes and then what kind of microphone? -- It was a mini-microphone/....

microphone that was used.

Is that attached to a wire or not? -- It is connected to a cable, that is correct.

And then where did you lead it to? -- It was taken to the premises next door. To the church hall.

In the same building? -- Not in the same building, the premises next door to it.

Next door. And where you situated the microphone what will it take up? -- Where the microphone was situated it could only record whatever took place within that hall. (10)

Did you test it afterwards, after you installed the microphone, and see if it was working? -- I tested after I had done the installation and again on the Sunday the 24th prior to the meeting, I tested the equipment again and it was all working.

So on the 24th of July you also went there with ... -- On the 24th I went with Warrant Officer Beneke to the premises where we had the cable installed, connected the recorder to the equipment and tested it and I was satisfied that everything was working.

When was that, what time? -- That was Sunday at approximately 13h30. (20)

Was it long before the meeting started or not? -- I tested the equipment and left shortly afterwards. I did not stay for the duration of the meeting.

Yes, you left it with? -- I left the equipment with Warrant Officer Beneke after showing him how to operate the recorder.

CROSS-EXAMINATION BY MR BIZOS: Mr Dewar are you an expert on the equipment used in order to ... -- No sir I am not an expert, no. (30)

And do you know anything about the mechanism that actually does/....

does the recording? Over and above a layman's knowledge of the equipment? -- I have a basic idea of the functions of the tape recorder yes.

If you at the receiving end of this mechanism must you wear earphones in order to hear whether the sound is coming through or is there some other mechanism that enables you to hear? -- On this particular piece of equipment that we use you have to use a headphone, that is correct.

And is that any different to the micron equipment that we have heard about? -- Totally different to that equipment. (10)

The micron equipment, can you hear what is going on whilst you are taping without earphones? -- Not without an earphone, no.

And although you say you are not an expert were you better equipped to do this than Mr Beneke? -- That is correct.

And you had nothing further to do either with the recording process or with the tape that eventually might have come into being? -- No I had nothing further to do with it other than the installation.

Thank you My Lord, we have no further questions. (20)

RE-EXAMINATION BY MR JACOBS: No questions.

ASSESSOR (MR KRÜGEL): Can you hear what is being recorded if there is a built in speaker in the recording apparatus? -- Not through the recorder's speaker, no. You can through the headphones on this particular tape recorder.

On the one that you used? -- On the National Panasonic, yes, once you are recording you have to have a headphone plugged in to be able to hear.

You were also asked about the Microns. -- Yes.

Do you know whether that has a speaker? -- The Micron (30) does not have a speaker, it has to have headphones to be used,

to/.....

to be able to monitor what is being recorded.

And ... -- If you take it directly off the set, depending on the equipment you use again. There are recording machines that will, that can, that are normally used, or can also be used I should say, with the Micron set which would work off its own speaker and not necessarily have to have a headphone.

And if you can hear what is going on without the tape recorder earphones, if you can hear naturally what is going on next door? -- Sorry I do not quite understand?

If you can hear what is going on next door while you (10) are recording, if you are not that far away so that you can hear naturally, then you would also know what is being recorded? -- That is correct. In this particular instance we were approximately 30 meters away from the hall.

So you could not hear? -- We could hear when they were singing, with and without the headphones on.

So you could hear part of what was going on in the hall without the earphones? -- That is correct, we could.

Thank you.

COURT: You say you are not an expert. Do you have some (20) experience of the workings of tape recorders and recording machines? -- I have an NTC III in radio theory and electronics. I have six years experience as a two-way radio technician and I have been doing electronics for the last four years approximately. I have also done a basic FM, an advanced FM radio course as well as a basic and advanced electronics course.

Any questions Mr Bizos?

MR BIZOS: Yes, one or two My Lord. Mr Dewar judging from the qualifications that you have given us you are probably (30) the apparatus man in Durban so to speak, of the security police?/....



police? -- I would not put it that way, no. I am a technician yes.

You are a technician? -- That is correct.

Do you know of any other technician that is employed by the security police in Durban? -- No there is no other technician employed in Durban.

And was there any other technician employed during 1983/1984? -- No there was not.

And is it part of your duty to maintain these apparatus for the security police in Durban? -- That is correct. (10)

And you are the person who is in overall charge of them? -- Of the technical equipment, that is correct.

And during 1983/1984 was there any machine on which you could listen at the receiving end without earphones on? -- That is correct, we still have that machine in use today.

Only with earphones? -- Only with earphones, and without. We have both.

You have both. What is the machine called, the one that you do not have to have to have earphones? -- It is called a Uher Monitor 4000. (20)

Uher Monitor 4000. And that really uses tapes and not cassettes? -- That uses reels, that is correct.

There was no machine recording of tapes on which you could heard without earphones in stock in Durban at that time that you knew? Cassette tapes, sorry perhaps I am confusing you. You knew of no machine in Durban which could record on cassettes without your requiring earphones in order to listen at the receiver? -- There no, no there was no machine that I know of at that stage.

Thank you. (30)

COURT: Further examination?

MR JACOBS:/.....

MR JACOBS: If the Court will bear with me for a minute.

Dankie Edele, ek het nie vrae nie.

COURT: Do you know Major Benjamin? -- I do.

Did you supply him with a machine to use at St. Michael's Church Hall on 5 February 1984? -- Yes I did.

What type of machine did you give him, can you remember? If you are not sure tell me you are not sure? -- The actual recorder that he used on that one I am not sure but I know that the sender used was a Phillips equipment that we used to have. It is no longer in used. (10)

The recorder, can that still be in use? -- I am not sure, I am not sure what recorder was used on that one.

Is it possible that he had a recorder which at the same time had a loudspeaker which gave him the effect of what was going on? -- That is possible.

MR BIZOS: My Lord may I just ask one question?

COURT: Yes.

MR BIZOS: But that would have had to be a reel-to-reel recorder? -- To the best of my knowledge yes it would have.

Thank you. (20)

NO FURTHER QUESTIONS. WITNESS EXCUSED.

- - - - -

MNR. JACOBS : Die volgende getuie is adjudant-offisier Beneke.

JAN DIEDERICK BENENE, v.c.e.

ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : U is 'n speurder adjudant-offisier in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Durban waar u verbondeis aan die Veiligheidspolisie? -- Dit is korrek.

Op Sondag, 24 Junie 1983 het u 'n tegniese bandopname geneem van 'n vergadering wat gehou was daar in die St. Athony's Kerk Durban? -- Dit is korrek. (30)

... / Van

Van watter vergadering was dit? -- Luthuli Memorial Service.

Was die vergadering vooraf geadverteer gewees? -- Sover ek kan onthou, ja.

Die vorige getuie 9het hy vir u die mikrofoon geïnstalleer binne-in die saal en apparate opgesit? -- Dit is korrek.

Hoe laat het die vergadering begin? -- Omtrent so 14h00.

Het u toe 'n tegniese - die masjien beman om 'n tegniese opname van die gebeure in die saal te maak? -- Dit is korrek.

Hoe laat het die vergadering toe werklik begin? -- Dit (10) was beplan gewees vir so 14h00, maar dit het nog 'n tydjie geneem voordat die sprekers aan die woord gekom het.

Het u die masjien aangeskakel daar om die opname te maak? -- Dit was tydens die sang.

Ja, ek meen, op watter stadium het u dit aangeskakel? -- Toe ek gehoor het dat die mense begin sing het, het ek die bandopname aangeskakel.

Het u dit aangehou of het u dit onder die sang weer afgeskakel? -- Ek het nie geweet nie lank die sang sou wees nie. Ek was toe onseker en het hom toe afgeskakel, maar ek het (20) dit toe heroorweeg en toe weer onmiddellik aangeskakel.

Hoekom wou u hom afskakel terwyl die sang aan die gang was? ---Op daardie stadium het ek gedink dat ek van die band sou spaar.

U sê u het dit toe heroorweeg en hom weer aangeskakel? -- Dit is korrek.

Wat se tipe band het u gebruik daar? -- Dit was 'n klein kasset.

En nadat u hom aangeskakel het die tweede keer, het jy hom op die eerste band toe reg deur laat loop tot aan die (30) einde van die band? -- Dit is korrek.

En daarna wat het u gedoen toe u die einde van die band nader? -- Hy het vanself gestop. Ek het hom uitgehaal en ek het hom omgedraai en weer laat speel.

Toe het u op dieselfde band op die tweede kant die opname begin maak? -- Dit is korrek.

Het u hom reg deur geneem weer tot aan die einde van die band? -- Ja.

En toe? -- Aan die einde van daardie band het ek toe nog 'n kasset uitgeneem en ek het hom weer ingesit en hom weer laat speel. (10)

Toe het u kasset nr. 2 gebruik? -- Kasset nr. 2.

Net van die begin af, het u dit weer aangeskakel en opgeneem en tot waar het u geneem? -- Ek het hom geneem tot volgens my waarneming tot ek gedink het die vergadering is nou verby.

So, als en als het u, sal ek sê, die eerste band albei kante en die tweede band net een kant geneem? -- Dit is korrek.

Het u die bande daar gebruik wat u gemerk het? -- Ja, ek het op die bande self geskryf.

In u eie handskrif? -- In my eie handskrif. (20)

Wat het u op die bande geskryf? -- Ek het die spesifieke vergadering se naam geskryf en die datum.

Die koevert wat hier is is Luthuli Memorial 1983-07-24 Inhoud twee kassetbande. Dit is ook verseël met polisie seël 1385 en ek maak dan die seël oop en die koevert. In die koevert is daar twee kassette sonder dat hulle in houers is. Hier bo -op staan dit is 'n Agfa Ferro Color band 90+6. Op die etiket staan geskryf "Tape number 1 side 2". Ek het die verkeerde een. Ek sal eers die ander een neem. "Tape 1 side 1 St. Anthony's Church held: 83-7-24: 14h00." Aan (30) die ander kant van dieselfde band staan "Tape 1 side 2" en

... / daar

daar is ook in skrif aangebring T267/3/ die skrif is n bietjie onduidelik hier. Dit kan n 8 wees 81. Die tweede is, lees ek blykbaar die voorkant "Tape 2 1983-07-24 : 14h00 St. Anthony's Church hall Durban" en dan "side 1." Op beide van hulle lyk my hier op die kante, ek kan dit nie baie mooi uitmaak nie is hier n handtekening lyk dit vir my. Miskien kan die getuie dit identifiseer. Ek kan nie uitmaak wat daar staan nie.

HOF : Is daar nie n nommer op die tweede band nie?

MNR. JACOBS : Laat ek net na die tweede band kyk. Op hierdie (10) voorkant waar ek gekyk het is daar niks nie. Op die agterkant is daar T267/3 en dit wat ek gesê het is miskien n 8 is n B2. Daardie ander een kan n B2 wees.

HOF : Watter nommer moet hierdie band kry?

MNR. JACOBS : 31.

HOF : 31(i) is dan T267/3/B1 en 31(ii) is dan T267/3/B2.

-- Dit is my handskrif hierdie.

MNR. JACOBS : U identifiseer die twee bande as wat u gebruik het daar om die vergadering op te neem en is dit u handskrif wat daarop voorkom? -- Dit is my handskrif. Ek het (20) geteken hierso.

Is dit u handtekening wat op altwee voorkom. Wat staan daar? -- J.D. Beneke DWO, wat staan vir Detective Warrant Officer.

So, altwee het u handtekening op? -- Dit is korrek.

So, dit is die oorspronklike bande wat gebruik was om daardie vergadering op te neem met u handtekening op? -- Dit is korrek.

Terwyl u die opnames gemaak het, het u geluister na die vergadering wat aan die gang is? -- Ek het oorfone gehad (30) waarmee ek geluister het.

... / Het

Het u reg deur geluister? -- Partykeer het ek dit sagter gestel en dit afgehaal en dan soos byvoorbeeld die sang wat van die saal af gekom het, is dieselfde sang wat ek op die oorfone gehoor het.

As die sang aan die gang was het u dit afgehaal? -- Ja.

Dan kon u nog die singery hoor? -- Ek kon dieselfde sang hoor.

En as die sang dan eindig het u dit weer opgesit, die oorfone? -- Dit is korrek.

Ken u enige van die mense wat daar opgetree het as (10) sprekers?-- Nee. Ekskuus, ek het 'n fout begaan. Ek ken vir Reverend Nkundu.

Was hy 'n spreker daar en het u sy stem herken? -- Ek het sy stem herken en hy was 'n spreker daar.

Nadat die opname gemaak was en die vergadering klaar was, wat het toe gebeur? -- Ek het die bande daar na my kantoor toe geneem en ek het dit weggesluit in 'n staalkas. Net ek het die sleutels en die kantoor het ek ook gesluit en ek het ook net die sleutels daarvan.

En toe? -- Die Maandag het ek begin om daarna te luister(20) om te sien hoe het die klank uitgekom. Ek het 'n gewone bandopnamemasjien gebruik.

As u nou sê 'n gewone bandopnamemasjien, wat se soort praat u van? -- As ek reg kan onthou was dit 'n National Panasonic.

Hierdie is ook nou 'n National. Dieselfde tipe? -- Dieselfde tipe.

Dit is die een wat ons ook voorheen gebruik het vir die demonstrasie, die National Panasonic bandopnamemasjien.

HOF : Die klein modelletjie.

MNR. JACOBS : Die klein modelletjie. (30)

HOF : Kleiner as 'n baksteen.

... / MNR. JACOBS

MNR. JACOBS : Wat gebeur toe?

HOF : Is daardie masjien van u beskikbaar?

MNR. JACOBS : Ek sal net moet seker maak. Dit is een wat gebruik word deur die polisie.

HOF : Dit is nie nodig dat u hom inhandig nie. Indien daar 'n debat is later oor die knoppies wat gedruk is, moet u hom asseblief vorentoe beskikbaar hê.

MNR. JACOBS : U sê Maandag het u deur die band gespeel op so 'n masjien soortgelyk aan die een wat hier voor die hof as demonstrasie is en wat het toe gebeur? -- Ek het op 'n soort-(10) gelyke masjien gespeel en ek het toe geskryf, ek het 'n voorlopige verlag geskryf en soos ek hom gespeel het, het ek hom gespeel en gestop en gespeel en gestop en geskryf. Dan het ek so aangegaan.

Op 'n stadium het daar iemand ingekom by u? -- Van tyd tot tyd het daar mense in die kantoor gekom, dan het ek gestop en na die persoon geluister en dan het ek weer aangegaan.

Wat het toe gebeur? -- Op 'n stadium het 'n persoon daar in die kantoor gekom en ek het hom gestop en na die persoon geluister en toe het ek hom weer gespeel en per ongeluk het (20) ek die "record" en die speel toe saam gedruk, maar ek het onmiddellik my fout toe besef en ek het hom weer gestop.

Toe u die "record" en die speel saam gedruk het, het hy toe weer begin opneem en uitvee wat daar op was? -- Ja, ek aanvaar hy het my stem opgeneem.

U sê byna onmiddellik het u dit agtergekom? -- Onmiddellik het ek my fout besef en dit dadelik gestop.

Toe u die transkripsie gemaak het daarna, het u hierdie fout ingeskryf? -- Ek het dit bygevoeg. Ek het dit ingeskryf.

Ek wil hier verwys na bladsy 48 van V(24), die 10de (30) reëltjie van bo af. Na "audience" is daar "investigating

... / officer's

officer's voice broke through." Kyk net daarna. Is dit op daardie stadium wat u hierdie fout gemaak het? -- Ja.

HOF : Wat beteken dit dat daar nou staan "investigating officer's voice broke through"? -- Op daardie stadium het ek die fout gemaak om die "record" en die speel knoppie saam te druk. Ek het onmiddellik my fout besef en toe stop ek hom. Dit is hoe my stem daar op gekom het. Daardie klein stukkie het ek toe ingeskryf.

Wat is daar op die band nou? Is dit 'n kragwoord of iets?  
-- Nee. (10)

Wat is dan die "investigating officer's voice"? -- "This is tape 2 and it is very clear."

O, die "This is tape 2" is wat u gesê het? -- Ja, dit is wat ek gesê het. "Tape 2" en "It is very clear."

MNR. JACOBS : Kan u dan net vir ons aandui hoe dat u die fout gemaak het? -- Dit is die oranje een en die swarte. Dit is maklik om hulle saam af te druk en dan dieselfde een vir speel ook. Per abuis het ek hulle saam afgedruk en toe het ek hom onmiddellik gestop, inسته net die speelknoppie alleen.

As u luister na daardie ding, dan druk u net daardie een (20) waar die rooi nie in is nie? -- Die swarte is net vir die speel om na die kasset self te luister, maar ek het ongelukkig toe beide ingedruk en toe het ek hom onmiddellik gestop.

Nadat u deur hierdie opname gegaan het en getranskribeer het soos u gesê het, was u tevrede is dit 'n getroue weergawe op hierdie bande van wat in daardie vergadering gebeur het?  
-- Dit is korrek.

En die transkripsie daar, het u ook geleentheid gehad om dit agterna deur te gaan? Kan u ook sê is dit ook 'n getroue weergawe van die bande? -- Ek het weer daarna geluister (30) en dit is 'n getroue weergawe.

... / Wat



Wat het jy met die bande gemaak nadat jy klaar was met hulle? -- Op daardie stadium was dit nog luitenant Z. de Beer, ek het dit verseël en ek het dit toe aan hom oorhandig.

In h'koevert geplaas en geseël. Met wat se seël? --  
Polisieseël amptelike seël nr. 266.

Behalwe vir die ongeluk wat u gehad het wat u vir die Hof verduidelik het, is daar enigsins deur u of iemand anders terwyl die bande in u besit was gepeuter met hulle of daarop doodgemaak of enigiets van die aard, uitgevee? -- Nie sover ek kan onthou is daar nie gepeuter aan die bande nie. (10)

HOF : Hoe bedoel u sover u kan onthou? Is dit moontlik dat u met hulle gepeuter het? -- Nee.

MNR. JACOBS : So, het u met hulle gepeuter of nie met hulle gepeuter nie? -- Nee, ek het nie gepeuter met die bande nie.

Het u enigiets doodgemaak op die bande behalwe vir die ongeluk waarvan u gepraat het? -- Nee.

HOF : Of bygevoeg nie? -- Ek het niks bygevoeg nie.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Mnr. Beneke, ek wil net goed verstaan wat u hier sê op bladsy 48 gebeur het. U sê dat iemand het by u kantoor ingekom? -- Dit is korrek. (20)

En wat het u gedoen toe hy by u kantoor ingekom het?  
-- Ekskuus?

Wat was u besig om te doen toe hy by u kantoor ingekom het? -- Ek het na die kasset geluister. Ek was om te skryf en toe hy inkom toe stop ek hom onmiddellik om na die persoon te luister en toe hy weer uitgaan het ek aangegaan en toe per abuis het ek die "record" en die "play" saam gedruk en ek het my fout agtergekem en hom onmiddellik gestop.

Wie was die persoon wat ingekom het? -- Dit was 'n lid van die Mag. Ek kan nie sy van onthou nie. (30)

Waarom het u die woorde "This is tape 2, it is very

... / clear

clear" gebesig? -- Sover ek kan onthou van tyd tot tyd het daar mense in die kantoor ingekom en al verduideliking wat ek daar kan gee is dat hulle het miskien vir my gevra hoe het die band uitgekom en dit is wat ek toe gesê het "This is tape 2" en ek het hom toe onmiddellik gestop.

Wanneer was u vir die heel eerste keer bewus van die byvoeging? -- Dit was onmiddellik gewees. Ek het onmiddellik besef dat ek 'n fout gemaak het. 'n Mens kan altyd voel wanneer jy die "play" en die "record" saam indruk. Jy kan onmiddellik agterkom jy het 'n fout gemaak. (10)

Vir hoe lank ken u eerwaarde Nkundu? -- Ek ken hom omtrent so drie of vier jaar.

Tot nou toe? -- Ja.

Hoe lank het u hom in 1983 geken? -- Ek het hom voor dit gesien. Hy was al daar by ons. Ons het sekere ondersoeke gedoen waar ons met hom te doen gehad het.

Nie ons nie, u self, wat het u met hom te doen gehad in 1983? -- Daar was verskillende stadiums wat ek na sy kantoor of sy huis gegaan het waar ek hom persoonlik sekere vrae gevra het of inligting wat ek wou gehad het. (20)

Wanneer voor 24 Julie 1983 het u hom gesien vir die laaste keer? -- Dit was daardie selfde jaar, maar ek kan nie 'n datum onthou nie.

Of dit 'n maand of 'n paar maande was? -- Ek kan nie onthou nie.

Hoeveel het u hom gesien voor 24 Julie? -- Ek het hom so drie of vier keer gesien.

Het u met hom gepraat? -- Ek het self met hom gepraat.

In u hoedanigheid as 'n ondervraer of 'n ondersoekbeampte? -- Op daardie stadium inligting wat ek wou geweet het of (30) iets wat ek wou opklaar.

... / Wat

Wat was die naam van die apparaat wat u gebruik het? --  
Dit is 'n kassetbandopnemer National Panasonic. Dit is soortgelyk as hierdie een.

En die ander dele van die apparaat, wat was dit? --  
Adjutant-offisier Dewar het my 'n soortgelyke bandopnemer gegee en vir my gewys hoe hy werk, maar ek is nie bewus van ander apparate nie.

Het u oorfone opgehad? -- Ek het oorfone gebruik.

Om te luister wat deurkom? -- Dit is korrek.

U het gesê dat dit onnodig was om deur die oorfone te (10)  
luister terwyl die mense daar besig was om te sing. -- Ja, partykeer het ek na die sang geluister, maar in die meeste gevalle het ek dit maar afgehaal.

Is dit omdat u nie belang gestel het in die singery nie of omdat ... -- Die sang was hoofsaaklik - dit was in Zoeloe en dit was hard. Al het ek die kopstuk afgehaal of die oorfone afgehaal, het ek nog duidelik waargeneem dit is presies dieselfde sang.

Kon u sonder om die oorfone te gebruik die stemme van die sprekers hoor of nie? -- Dit was 'n bietjie onduidelik. (20)  
Ek kon dit slegs op die oorfone en die apparaat wat ek self gebruik het hoor.

So, buitendien opname wat daar gemaak is, het u self geen persoonlike kennis van wat binne-in die saal gesê is of gebeur het nie? -- Nee.

Wie het die transkripsie gemaak? -- Ek het dit self gemaak.

Sal u sê dat dit heeltemal duidelik is? -- Dit is duidelik.  
In sommige gevalle was dit miskien onverstaanbaar waar ek nie sekere woorde mooi kon gehoor het nie.

En die woorde is uitgelaat in die transkripsie? -- (30)  
Dit is korrek.

... / Het

Het iemand saam met u die transkripsie nagegaan? -- Ek het persoonlik die Engelse gedeeltes gedoen en die Zoeloe gedeeltes was deur sersant Mafa gedoen en dit was in my teenwoordigheid.

Was hy ook in die omgewing van die saal of nie? -- Nee.

En vir hoe lank was u en die sersant besig om die transkripsie te probeer regkry? -- Ons het dit gedoen van daardie Maandag af net na die Sondag waarop dit plaasgevind het tot ek die verslag aan luitenant Z. de Beer gegee het saam met die kasset. (10)

Wanneer was dit? -- Dit was omtrent 5 Augustus van dieselfde jaar.

5 Augustus? -- As ek reg kan onthou.

So twee weke daarna? -- Ja.

Seer sekerlik was u nie altyd teenwoordig toe die sersant besig was om die Zoeloe deel daarvan te probeer uitmaak nie? -- Nee, as dit die geval was, het ek die kassette geneem en gesê ek gaan miskien uit en so. Dan het ek dit in my staalkabinet toegesluit, die kantoor se deur het ek toegesluit en dan moes hy wag totdat ek inkom weer. (20)

Waarom sou u so iets gedoen het? Het die sersant nie u vertrou gehad nie? -- Ek was verantwoordelik vir die kassette en ek wou nie hê dat daar iets met die kassette moes gebeur het nie. Dit was my verantwoordelikheid.

Wel, wat is u antwoord? Het u hom nie vertrou nie? -- Nee, dit is nie die geval nie.

En as u vir enige rede buite die kantoor wou gegaan het, het u die kassette van hom af weggeneem? -- Dit is korrek.

Selfs as u toilet toe wou gaan? -- Dieselfde, ja.

Of tee wou gaan drink het? -- Dit is korrek. (30)

Was daar gedurende Julie 1984 enige aanduiding dat die

... / kassette

kassette in 'n hofsaak gebruik sou word? -- Nee, nie op daardie stadium nie.

1983, jammer. Het u altyd met die transkripsie van kassette op dieselfde manier opgetree, dat die kassette van die sersant af weggeneem is as u uit die kantoor gaan? -- Dit was die eerste geleentheid wat hy my daar bygestaan het.

HERONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Geen vrae.

HOF : Ek wil net op rekord stel dat die masjien is 'n masjien waarop van links na regs onder staan wat die knoppies aanbetref "Stop Eject" en dan 'n knoppie "Record Play" en dan 'n knoppie (10) "review" en dan 'n knoppie "Q". Die "record play" is 'n saamgestelde knoppie. As daarop gedruk word kan òf deur die een deel daarvan te druk daar net gespeel word of dit kan as geheel gedruk word en dan word daar opgeneem deur die kasset. Die opnamegedeelte bestaan uit 'n klein oranje vierkantige knoppie wat ingeset is in die groot knop wat "record play" uitmaak. Wanneer daar opgeneem word by wyse van die druk van die "record knoppie" is daar 'n rooi liggie wat aan die linkerkant van die apparaat aangaan.

MR JACOBS : I ask for leave to look at the two cassettes. )20)  
There is something that I omitted.

COURT : Do you want to look at them now before the witness leaves the witness box?

MR BIZOS : Yes, so that we can excuse him if need be.

HER-KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : Het u enigiets gedoen met die vier gaatjies wat aan die agterkant van die kassette is op enige stadium? -- Nee.

En as daar iets daarvan verwyder is, het u dit nie gedoen nie? -- Ek het dit nie gedoen nie.

U weet nie wie dit gedoen het nie? -- Nee, ek weet (30) nie.

... / Weet

Weet u wat die rede is vir daardie gaatjies? -- Nee,  
ek weet nie.

U dra geen kennis nie? -- Ek dra geen kennis nie.

GEEN VERDERE VRAE.

- - - - -

HOF VERDAAG TOT 8 AUGUSTUS 1986.